

Miempie Mier



Deur Ismi van Niekerk

Miempie Mier

Dit het sopas opgehou reën, die sonnetjie beur deur die wolke en laat 'n pragtige reënboog skitter. Die groot druppels wat aan die blare en takkies hang, weerkaats blink in die strale. Bertie hardloop buite toe – hy het lank voor die venster gestaan en kyk en gewens dat dit ophou reën sodat hy buite kan gaan speel. Hy spring van plassie tot plassie en skaterlag soos die water opspat en die druppels in alle rigtings skiet. Skielik hoor hy 'n fyn stemmetjie wat roep: "Help my! Asseblief, help my. Ek is besig om te verdrink. Help!"

Bertie sien niemand om hom nie en begin op die grond soek waar die stem vandaan kom. Sowaar, daar in een van die plasse water is 'n miertjie wat na hom roep. "n Mier! 'n Mier wat kan praat?" dink Bertie hardop terwyl hy afbuk na die mier.

"Dit kan nie wees nie!"

"Help my, ag, asseblief," roep die stemmetjie weer. "Sit 'n takkie nader sodat ek daarop kan klim," vra die miertjie wat sien die seun vat te lank om oor sy verbasing van die pratende mier te kom. Bertie vat 'n dun takkie en laat Miempie, wat nou stokflou is van die gespartel, daarteen opklim. Hy lê die stokkie neer op die grond en hou dop wat die miertjie doen.

"Baie dankie, jy het my lewe gered," sê Miempie uitasem en vryf die waterdruppels so swoesj-swoesj van haar lyfie af. Sy begin by haar voelers, haar gesig en dan haar beentjies.

"Is daar iets wat ek vir jou kan doen om jou te vergoed? sê die mier nou met haar arms in haar sye. Bertie se gesig is amper teen die grond en sy oë kyk dubbel oormekaar soos hy konsentreer op wat die mier sê. "My naam is Miempie. My ma is die koningin van ons nes en sy sal baie bly wees dat jy my gehelp het."

Bertie kyk om hom rond en maak seker niemand hoor hoe hy met 'n mier praat nie, en sê: "Ek dink eerder ek gaan jou na my huis toe vat. Dis nie aldag dat mens afkom op 'n pratende mier nie. Miskien kan ek jou nog gebruik om vir my iets te doen."

Hy tel die miertjie versigtig op tussen sy duim en wysvinger en laat Miempie so kop onderstebo hang.

Miempie besef sy is dit verskuldig aan die seun, maar is nie te gelukkig met hoe hy haar rondra nie.

"Wat is jou naam, Seun?" vra Miempie.

"Bertie. Eintlik is dit Albertus, Johagim, Petrius van der Wouldt, maar almal noem my sommer Bertie.

Sonder om sy nat moddervoete af te vee aan die voordeurmatjie, loop Bertie swartsj-swartsj by die huis in en soek 'n houer waarin hy Miempie kan sit. In die kombuis kry hy 'n glasbotteltjie en maak gaatjies in die rooi deksel. Hy vul die botteltjie met 'n paar

suikerkorreltjies en broodkrummels en haal toe 'n paar droë grassies en modder van sy skoene af en laat dit ook in die botteltjie val. So-ja, dit is nou jou nuwe huis!" sê hy baie in sy skik.

Miempie is maar te bly vir die baie kos wat nou om haar is en dink nie daaraan dat sy nou eintlik Bertie se gevangene is nie.

Die volgende dag vat Bertie vir Miempie saam skool toe. Die kinders steur hulle nie te veel aan die mier wat in die botteltjie is nie. Dis presies wat Bertie wou hê, want hy het gisteraand gedink aan allerhande stoutighede wat hy met Miempie se hulp kan aanvang. Bertie is nie 'n baie soet kind nie en het daarom nie baie maats nie. Hy is altyd besig om iemand te terg of iemand iets toe te snou. "Hulle wil my mos spot oor my lang naam! Ek sal hulle 'n ding of twee wys," dink Bertie terwyl hy sy hande saamvryf. In die klas, draai hy die deksel oop en skud Miempie uit op die tafel.

"Ek wil hê jy moet oorloop na Paul se tafel toe en kyk wat die antwoord op vraag 3 en 4 is," sê-vra hy aan Miempie. Sy is glad nie te gelukkig daarmee nie, maar doen dit maar noodgedwonge. Sy hardloop flink oor na Paul se boek en loop op die geskrewe gedeeltes sodat sy die antwoord woord vir woord kan sien. Die letters is amper so groot soos sy, dus vat dit nogal 'n tydjie. Paul sien die mier op sy boek en gee net een vinnige veeg oor sy boek en daar trek Miempie deur die lug. Sy kom met 'n plons te lande op Bertie se tafel – hy buk af met sy oor naby aan haar sodat sy die antwoord in sy oor kan fluister.

Miempie moet die hele dag deelneem aan Bertie se slinkse plannetjies. Terwyl almal so stil sit en werk in hul boeke, sê Bertie weer vir Miempie om na Mandla se lessenaar te loop en hom 'n geniepsige knyp op sy boud te gee. Miempie frons vir Bertie, sit haar hande in haar sye en sê: "Ek weier om so gemeen te raak. Net omdat jy my lewe gered het, beteken nie jy kan my nou so misbruik en jou streke op jou vriende uithaal nie."

"Hulle is nie my vriende nie! Weg is jy voor ek jou onder my duim platdruk!" sê Bertie kwaai.

Miempie loop baie vererg terwyl sy mompel: "Hy sal hom wat verbeel! As hy darem net weet wie my ma is..."

Sy klim uit teen Mandla se been, sukkel-sukkel so tussen sy beenhare deur tot sy hom aan die boud beetkry. Sy is ontsteld en knyp sommer baie harder as wat sy wou aan die sagte vleisies.

Mandla gee een harde gil van pyn en begin huil terwyl hy sy boud verwoes vryf. Miempie spring vinnig af en haas haar na die naaste skuilplek voordat Mandla per ongeluk op haar trap soos hy tekere gaan. Niemand weet waarom hy so rondans en huil nie, of hoekom Bertie die enigste een is wat daaroor lag nie. Die juffrou kyk met sulke groot, kwaai oë na Bertie, maar botter kan nie in sy mond smelt nie en hy hou sy lag maar in.

Toe pouse aanbreek, gaan Bertie speelgrond toe. Die botteltjie waarin Miempie gevange is, is in sy hand. "Miskien sal hy my nou vrylaat," dink Miempie toe sy die gras en bome sien. Bertie het egter ander plannetjies en geniet die speletjie nou baie. "Gaan oor na Sylvia se kosblik en bring haar lekkertjies een vir een na my toe." Miere kan tot ses maal hul eie gewig dra, maar die lekkertjies is te groot en swaar vir Miempie. Tog probeer sy maar en kry dit reg om die eerste pienk lekkertjie op te tel, bo haar lyfie te balanseer en vinnig-vinnig en een vir een aan te dra. Met die laaste lekkertjie, begin haar knieë onder haar wankel en terwyl sy nog besig is om die laaste lekkertjie aan te dra, sak sy inmekaar. Haar beentjies vou sommer so sjoep! onder haar in. Bertie is so besig om vir Sylvia se verbaasde uitdrukking te lag soos wat sy agterkom haar lekkers verdwyn, dat hy nie eers sien hoe Miempie onder die groot lekker vasgepen is nie.

Bertie prop die laaste lekkertjie in sy mond en sien vir die eerste keer hoe Miempie doodstil lê. Nie een van haar ses beentjies roer nie. Hy sluk so groot sluk, ghloep! en trane begin teen sy wangetjies afrol. "Miempie? Ag, Miempie, moet asseblief nie dood wees nie. Jy is my enigste maat en ek kan jou nie verloor nie. Miempie, ek is so jammer. Sê tog net iets," smeek Bertie. Hy tel Miempie in sy hand op terwyl hy haar moed inpraat om op te staan.

Die ander kinders het intussen nader gestaan en wonder waarom hy so huil, en met wie hy praat. Van hulle begin giggel toe hulle sien dis oor `n mier wat hy huil. Ander skud net hul koppe en dink hy praat met homself of spoke. Miere kan mos nie mense-taal praat nie? Bertie bloos bloedrooi toe hy besef die kinders staar na hom. Hy sit Miempie terug in die bottel, vee sy trane af stap kop onderstebo weg.

Later by die huis, haal Bertie vir Miempie uit, sit haar op sy hand en stap na die miernes naby die plas water waar hy haar gekry het. Bertie lê Miempie saggies neer op die gras langs haar miernes en gaan lê self plat op die gras met sy neus so naby aan haar dat die gras sy neus kielie. Na `n rukkjie, begin Miempie haar voelertjies liggies roer; eers die linker een, toe die regter een. Toe skop sy haar beentjies een vir een reguit en begin hulle ook beweeg. Bertie se neus kielie, maar hy is so bly om te sien sy lewe. "Miempie!! Jy lewe! Ek is so jammer oor wat ek gedoen het." Hy tel haar op en spring so paar keer in die lug sodat die arme Miempie amper uit sy hande val.

Miempie is net so bly om weer vir Bertie te sien, al het hy haar baie stoute dinge laat doen. Hy hou haar nou in sy plat hand voor sy gesig om te kyk of sy heeltemaal gesond is.

"Bertie, het jy al gedink daar is `n rede hoekom jy nie maatjies het nie?" vra Miempie terwyl sy oorklim na sy neus en op die punt gaan sit. Bertie se oë kyk dubbeld oormekaar soos hy na haar luister.

"Ja," sê hy, "dis oor my snaakse lang naam."

"Oor jou naam? Laat ek myself weer aan jou voorstel. My regte naam is Miempie Meraaia Maryna! Daar het jy dit!"

"En jou van?" vra Bertie

"Mier! Wat anders?" sê Miempie met 'n glimlag wat oor haar hele gesiggie strek.

"Ek dink jy gaan sommer baie maatjies kry as jy na elkeen toe gaan en om verskoning vra vir al die stoutighede wat jy al aangevang het."

"Ek kan nie, daar is te veel dinge wat ek al gedoen het," sê Bertie terwyl hy met sy een toon in die grond boor.

"Dis nooit te laat nie, Bertie. Ek belowe ek sal jou nog een keer help voor ek teruggaan na my miernes toe. "Ek het `n plan," sê sy en kruip nader om iets in sy oor te fluister:

"Gaan koop die kleinste jellielekkertjies wat jy kan kry... "

Die volgende dag by die skool sit Bertie maar skaam-skaam agter in die klas en wag tot voor pouse, soos Miempie gevra het. Op sy sak is `n glasbottel vol helderkleurige jellielekkertjies, maar ook `n hele paar miere. Terwyl die klas hul kosblikke uithaal, begin Miempie en haar boeties en sussies die klein lekkertjies een vir een na die klasmaats aandra. Elke maatjie is so verbaas om te sien hoe daar `n mier teen die tafelpoot oloop en tot voor elke kosblik met `n klein lekkertjie gaan staan. Die maats volg die spoor van die miere met hul oë en sien ook hoe die miertjies elke keer terugloop na Bertie se sak en uitkom met die lekkertjies. Bertie glimlag en speel ongemaklik met sy vingers. "Jy kan sowaar miertaal praat!" gil Rensia toe sy sien wat besig is om te gebeur. "Miertaal? Kan jy ons ook leer?" vra Thabo en knip sy oë om beter te kan sien.

Die kinders staan nader aan Bertie om te sien hoe die lekkertjies uitgedeel word. "Ek is jammer vir al die lelike dinge wat ek aan julle gedoen het," begin Bertie saggies om verskoning vra. "Ek wou net hê julle moes met my ook speel."

"Nou hoekom sê jy nie net so nie, ou Bert?" sê Jossie. "Hier dink ons jy wil nie met ons speel nie."

"En niemand sal jou weer spot oor jou lang naam nie," sê Alfons wat self 'n baie lang naam het - Alfonsius, Alpletius van Apultius. Die hele klas begin giggel en sit die lekkertjies in hul monde. Terwyl van die maats saam met Bertie by die klas uitstap, sê Miempie vir haar broers en susters: "Ek dink ons moet net hier bly waar daar soveel kos is. Hier is elke dag lekkerjies, vrugte, brood, en koeldrank! Dis `n paradys!"

"Jaaaa!" gil die ander miere opgewonde en gou-gou soek hulle `n gaatjie om `n nuwe huisie te begin.

Maatjie, jy moet maar oppas en nie jou kosblik ooplos nie. Miempie en haar familie kan dalk net besluit om daar in te trek.